

## **SENWES LANDBOUDIENSTE KAN U IN HIERDIE DROOGTETYD BYSTAAN MET SPESIFIEK DIE VOLGENDE BESTUURSFASETTE IN U BOERDERY:**

### **1. *Bepaling en evaluasie van die grondvogstatus van u landerye***

Die effektiwiteit van neerslag word deur verskeie faktore bepaal en bestaan die geneigdheid om dit (effektiwiteit) soms te oorskakel. Ten einde 'n ingeligte produksiebesluit te kan neem behoort die plantbeskikbare grondwater na afloop van die voorkoms van die eerste noemenswaardige presipitasie (reënval) bepaal te word. Die voorkoms van buitengewoon hoë dagtemperature tydens kritieke groeistadia van die plant plaas druk op die totale evapotranspirasie behoefte(ET) van die plant en moet gevolglik nie onderskat word nie.

### **2. *Voervloei en Kuddevloei beplanning***

Voedingsbronne is onder druk terwyl daar steeds in daaglikse voedingsbehoefte van kudde voorsien moet word.

- Bepaling van huidige beskikbare voerbank en totale verwagte voervloei.
- Kuddesamestelling en verwagte kuddevloei
- Voedingbehoefte (bepaling van DM benodig per maand en DM beskikbaar per maand) ten einde 'n bepaalde kuddegrootte instand te hou.

### **3. *Gelykbreek analise en bepaling van minimum bedryfskapitaal behoefte***

Huidig buitengewone omstandighede vereis dat finansiële beplannings (begrotings) herevalueer en aangepas moet word.

- Bepaling van minimum omset (R) en minimum oppervlakte (hektare plant) verlang ten einde gelyk te breek gegewe boerdery se unieke vastekostestruktuur.
- In geval van 'n geen of slegs gedeeltelike plant opsie (of realiteit) bepaling van minimum bedryfskapitaal benodig ten einde noodsaaklike uitgawes te dek asook bepaling van die haalbaarheid en lewensvatbaarheid van herstruktureer van reeds bestaande skuldverpligtinge.
- Bepaal en evalueer lewensvatbaarheid van enige ander opsie wat oorweeg mag word.

### **4. *Voorsien van detail plaaskaarte vir versekering doeleindes***

Versekerers van kontrakversekeringplanne vereis detail oppervlakte kaarte en kan SENWES Landbou dienste ook in hierdie behoefte voorsien.

Vir meer inligting insake bogenoemde dienste en koste of vir die maak van 'n afspraak kontak Johan du Toit op 018 464 7543 of Audrey Adams op 018 464 7394 of e-pos [landboudienste@senwes.co.za](mailto:landboudienste@senwes.co.za).